

DIE FEESTYE VAN YHVH

Les 6 (Deel 1): DIE DERDE FEESSEISOEN: TESHUVAH – DIE DAE VAN TERUGKEER

INHOUD VAN LES 6

- ❖ Hersiening en Agtergrond
- ❖ Teshuva – Om Terug Te Keer
- ❖ Opsommend
- ❖ Bepeins of Bespreek

HERSIENING EN AGTERGROND

1. Ons leef in die seisoen waar profesie oor eindtydgebeure voor ons oë bewaarheid word. Die derde, en die laaste feesseisoen in YHVH se jaarlikse siklus van afspraak met sy kinders is heenwysings en afbeeldings wat deel uitmaak van hierdie eindtydgebeure. Daarom is dit noodsaaklik dat gelowiges die profetiese betekenis van hierdie laaste afspraak van YHVH moet gedenk en verstaan, naamlik die Fees van Trompette, die Dag van Versoening, die Fees van Tabernakels en die Agste Dag. Hierdie afspraak (feestyte) word voorafgegaan deur 'n tydperk van selfondersoek, berou en verootmoediging bekend as *Teshuvah*.
2. In hierdie studie het ons gesien dat die Bestemde Tye (feestyte) van YHVH, soos ondermeer in Levitikus 23 uiteengesit word, in drie feesseisoene verdeel word, naamlik:
 - 2.1. Pesag wat bestaan uit drie opeenvolgende feeste, naamlik: Paasfees (Pasga), Fees van Ongesuurde Brode en die Fees van die Eerstelingsgerf (Eerstelinge).
 - 2.2. *Shavuot* ook bekend as Pinksterfees (Fees van Weke).

- 2.3. *Sukkot* ook bekend as die Loofhuttefees wat bestaan uit drie opeenvolgende feeste, naamlik die Fees van Trompette (*Yom Teruah; Rosh Hashanah*), Die Dag van Versoening (*Yom Kippur*) en die Fees van Tabernakels (*Sukkot; Chag Sukkot*). Op YHVH se jaarlikse afspraakkalender is daar egter nog 'n Bestemde Tyd wat die Agste Dag (*Sh'mini Atzeret*) genoem word en wat deel vorm van die seisoen van *Sukkot*.
3. In totaal het YHVH dus jaarliks agt formele afsprake met Sy volk – ontmoetings waar Hy die inisiatief neem en 'n uitnodiging aan elkeen van Sy kinders rig. Daar word egter deurgaans verwys na die sewe Bestemde Tye (feestye) waar die getal 7 op die voltooiing van YHVH se plan dui en dan die Agste Dag wat 'n nuwe begin aankondig. Onthou egter dat die weeklikse Shabbat ook deel is van YHVH se bestemde tye (feeste)(Lev. 23:2) en wat heenwys na die ewige rus wat sal volg op die voltooiing van YHVH se plan van herstel.
4. Die eerste twee feesseisoene, en dus die eerste vier bestemde tye, naamlik Pesag, Fees van Ongesuurde Brode, Fees van die Eerstelingsgerf en *Shavuot* (Pinksterfees) is reeds in Yeshua Messias met Sy eerste koms na die aarde vervul:
- 4.1. Hy is die Pesaglam wat vir ons geslag is om ons te bevry van die slawejuk van sonde. (Pesag).
- 4.2. Hy is die Ongesuurde Brood; die Een sonder sonde en die Brood van die Lewe wat in al ons behoeftes van gees, siel en liggaam voorsien. (Fees van Ongesuurde Brood).
- 4.3. Hy is YHVH se eerstelingsgerf; die eerste om uit die dood op te staan en die eerste van YHVH se oes wat deur die genade in Yeshua ingesamel word. (Fees van Eerstelinge).
- 4.4. Hy het opgevaar na die hemel sodat ons die Afgesonderde (Heilige) Gees kon ontvang om hier op aarde as geregverdigdes in krag en gehoorsaamheid volgens YHVH se onderrig en instruksies (Torah) te leef. (Pinkster, *Shavuot*).
5. Die laaste feesseisoen bestaande uit die Fees van Trompette, die Dag van Versoening, die Fees van Tabernakels en die Agste Dag is almal 'n heenwysing na Yeshua se wederkoms as die Koning van konings en as die Leeu van Juda – die Een wat YHVH se parskuip sal trap (Open. 19:15) en wat sal kom om hier op aarde vir ewig te regeer. Daarom is hierdie laaste seisoen van afsprake met YHVH van so groot belang en moet ons die betekenis daarvan verstaan. Dit is 'n heenwysing en afbeelding van eindtydgebure en van die wederkoms van ons Messias. Dit is 'n kleedrepitisie vir die afspraak wat YHVH die Almagtige nie net met Sy volk het nie, maar ook met die mensdom.
6. Die feit dat die eerste vier bestemde tye presies volgens profesie op die aangewese datums vervul is, is bevestiging en bewys dat die vier oorblywende afsprake ook presies volgens profesie vervul sal word. Hierdie

feit is bevestiging dat ons met erns en toewyding hierdie afspraak op YHVH se kalender moet gedenk. Dit moet vir ons as gelowiges 'n blye verwagting en 'n salige hoop op die wederkoms van ons Messias wees.

7. Diegene wat YHVH se Bestemde Tye gedenk, sal Messias herken by Sy wederkoms. Hulle sal kan onderskei tussen die ware Messias en die Anti-messias, want YHVH se Bestemde Tye (*mo'edim*) en kleedrepitisies (*miqra'ot*) is 'n heenwysing en afbeelding van Yeshua Die Gesalfde Een en YHVH se totale reddingsplan. Hulle sal weet, en op die uitkyk wees, vir Yeshua se wederkoms tydens die laaste Bestemde Tye van YHVH se jaarlikse afspraak met Sy kinders.
8. Daarom moet ons die betekenis van hierdie feeste verstaan en dit jaarliks gedenk sodat ons voorbereid en gereed kan wees vir die wederkoms van Messias. Ons Vader het sy bestemde tye met 'n doel ingestel en Yeshua se woorde in Luk. 24:44 herinner ons daaraan:

En Hy sê vir hulle: Dit is die woorde wat Ek met julle gesprek het toe Ek nog by julle was, dat alles wat oor My geskrywe is in die wet van Moses en die profete en die psalms, vervul moet word.

Die wederkoms van ons Messias sal tydens YHVH se Bestemde Tye – tydens die laaste feesseisoen – vervul word!!

9. Indien dit belangrik was om YHVH se afspraak voor die eerste koms van Messias Yeshua te hou, is dit sekerlik ook belangrik om dit steeds te gedenk in voorbereiding vir Messias se tweede koms as die Koning van konings!!

TESHUVAH: OM TERUG TE KEER

1. Hoewel daar geen duidelike Skriftuurlike opdrag vir *Teshuvah* te vinde is nie, is dit 'n Joodse tradisie wat volgens sommige bronne ontstaan het na die vernietiging van die Tempel in 70 na Messias. Omrede terugkeer met berou na die weë van die Vader ook sentraal staan vir elke gelowige van die hernieude verbond, word *Teshuvah* ingesluit in die studie van die Feestye van YHVH. Dit word gedoen omrede daar genoegsame getuienis is wat daarop dui dat Yeshua se doop en sy veertig dae in die woestyn alles gedurende *Teshuvah* plaasgevind het.
2. Volgens Joodse tradisie word YHVH se laaste afspraak in die jaarlikse siklus van Bestemde Tye vooraf gegaan deur 'n tydperk bekend as *Teshuvah*. Volgens die Joodse burgerlike kalender is die aanvang van *Teshuvah* altyd op die eerste dag van die maand Elul en eindig op die Dag van Versoening (*Yom Kippur*) – 'n tydperk van 40 dae.
3. Die tien dae tussen *Yom Teruah* (Fees van Trompette) en *Yom Kippur* (Dag van Versoening) staan bekend as die *Dae van Ontslag* (*Days of Awe*). Volgens tradisie word geglo dat in hierdie tien dae periode word die hekke van die hemel geopen en dan weer op *Yom Kippur* gesluit. Hulle glo ook dat dit dié tyd is wanneer YHVH belangrike besluite aangaande die komende jaar neem. Hierdie mag wel net tradisie wees, maar dit dien vir elkeen as herinnering dat

ons daaglik so moet lewe dat die hekke van die hemel nooit vir ons gesluit word nie.

4. Volgens tradisie word ook geglo dat Moses op die 1 Elul die berg Sinai opgegaan het om die tweede stel tien gebooe te ontvang na die gebeure rondom die goue kalf. Hiervolgens het hy op die 10 Tishri, op *Yom Kippur*, teruggekeer nadat versoening tussen YHVH en Israel weer bewerkstellig was. Moses was dus 'n totaal van 40 dae op die berg – die tydperk van *Teshuvah* waartydens die volk hulself ondersoek het en berou getoon het.
5. *Teshuvah* beteken *terugkeer*. Dit is om terug te keer na Torah, naamlik na YHVH se liefdevolle onderrig vir 'n lewe as geregtigde in Yeshua Messias. Dit is om met berou en verootmoediging "terug te keer" nadat selfondersoek gedoen is van jou geestelike welstand en van jou verhouding met die Vader. Is jy die persoon wat YHVH beplan het jy moet wees of het jy weg beweeg van Sy doel vir jou. Leef jy in gehoorsaamheid aan Torah weens jou liefde vir YHVH Yeshua? Is jy in gedagtes, woorde en daede gelykvormig aan Yeshua die Lewende Torah – die Woord wat vlees geword het (Joh.1:1 en 2)?
6. In Joh. 1:3 lees ons die volgende:

Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie.

Verstaan jy wat hierdie woorde omtrent jou getuig, naamlik dat jy het "ontstaan" deur die Woord van YHVH wat Yeshua Messias is? Alle dinge, en dit sluit jou en my in, het 'n werklikheid geword deur die Woord. YHVH jou Skepper het deur Die Gesalfde Een jou geskape.

....soos Hy ons in Hom uitverkies het voor die grondlegging van die wêreld om afgesonder en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees, deurdat Hy ons voorbeskik het om ons as sy kinders vir Homself aan te neem deur Yahshua die Messias, na die welbehae van sy wil, tot lof van die voortrefflikheid van sy guns waarmee Hy ons begunstig het in die Geliefde. Ef. 1:4 tot 6 (Woord en Getuienis)

Daarom is dit die Vader se wil dat jy die persoon moet wees waarvoor Hy jou geskape het, naamlik sonder enige frille en grille, sonder enige onvergewensgesindhied, bitterheid, skuldgevoelens, verwyte of onverwerkte emosies – Sy kind wat Hom in liefdevolle gehoorsaamheid en met 'n sagmoedige gees dien.

6. *Teshuvah* is 'n geleentheid om terug te keer na die Vader se plan vir jou lewe en om Sy kind te wees wat gelykvormig is aan Sy Eersgeborene, Yeshua Messias, Die Gesalfde Een. Dit is 'n geleentheid vir vooraadopname van jou lewe en 'n geleentheid dat jy op *Yom Kippur* voor die Almagtige met vrymoedigheid sal kan verskyn.

*Gaan en roep hierdie woord na die noorde toe uit en sê: **Keer terug** (Teshuvah), o afvallige, Yiesraél, sê Yahweh. Ek sal julle nie donker aankyk nie, want Ek is goedertieren, sê Yahweh; Ek sal die toorn nie vir ewig behou nie. Alleenlik, ken jou ongeregtigheid, dat jy teen Yahweh jou Elohiem*

*oortree het en jou weë gerig het na die vreemdes, onder elke groen boom;
maar na my stem het julle nie geluister nie, sê Yahweh. **Keer terug**
(Teshuvah), o afvallige kinders, sê Yahweh, want Ek is Meester oor julle; en
Ek sal julle neem, een uit 'n stad en twee uit 'n geslag en sal julle in TSION
bring. Jer. 3:12 tot 14 (Woord en Getuienis)*

*Blaas die ramshoring op TSION, en blaas alarm op my afgesonderde berg!
Laat al die inwoners van die land bewe, want die dag van Yahweh kom, want
hy is naby Maar selfs nou nog, sê Yahweh, **bekeer** (Teshuvah) julle tot My
met julle hele hart, en met vas en geweene en rouklag. En skeur julle hart en
nie julle klere nie, en **bekeer** julle tot Yahweh julle Elohiem; want Hy is
goedgunstig en barmhartig, lankmoedig en groot van goedertierenheid, en
Een wat berou het oor die rampspoed; Joël 2:1, 12 en 13 (Woord en
Getuienis)*

*In daardie dae het Johannes die Doper opgetree en in die woestyn van Judéa
gepreek en gesê: **Bekeer** (Teshuvah) julle, want die koninkryk van die
hemele het naby gekom.
Matt. 3:1 en 2*

Tydens Petrus se toespraak op Pinksterdag (*Shavuot*) het hy aan die skare wat diep in die hart getref is, gesê: *Bekeer (Teshuva) julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Yeshua Messias tot vergewing van sondes, en julle sal die gawe van die Afgesonderde (Heilige) Gees ontvang (Hand. 3:37 en 38).* Hierdie was 'n oproep aan die Jode en almal wat in Jerusalem bly (Hand. 2:14) om terug te keer na Torah en te glo in Yeshua as die Messias van Torah (Joh. 5:46) wat gekom het. Die gekruisigde en opgestane Woord wat vlees geword het om Torah te kom bevestig en te herstel.

7. *Teshuvah* is 'n geleentheid vir die bruid om seker te maak dat sy vlekkeloos en onberispelik voor die Bruidegom sal staan.

Daarom, geliefdes, terwyl julle hierdie dinge verwag, beywer julle dat julle vlekkeloos en onberispelik voor Hom bevind mag word in vrede. 2 Pet. 3:14.

8. *Teshuvah* is ook die geleentheid om ons innerlike vyand te konfronteer en te oorwin – al daardie struikelblokke (sondes, verslawings, vrese, bitterheid, onvergenoegdheid, ens.) in ons lewens wat ons verhouding met Vader YHVH benadeel. Dit is 'n geleentheid vir elkeen om sy/haar tempel te reinig van alle ongeregtighede en van alle bindinge wat die vyand gebruik om ons mee gevange te hou. *Teshuvah* is die geleentheid om YHVH se *shalom* – daardie vrede wat alle verstand te bowe gaan (Fil. 4:7) – te ontvang sodat jy na gees, siel en liggaam heel en volkome in Yeshua Messias kan wees.
9. Daar is geen opdrag in die Skrifte vir die 40 dae tydperk van *Teshuva* nie, maar dit is 'n Joodse tradisie wat reeds vir eeue bestaan. Wanneer daar na die betekenis en doel van *Teshuvah* gekyk word, is dit goeie rede vir gelowiges in Yeshua Messias om wel ook met vrymoedigheid hierdie gebruik te volg.

OPSOMMEND

1. Die doel van Teshuvah kan kortliks soos volg saamgevat word:

- 1.1. 'n Selfondersoek of jy gehoorsaam aan YHVH se liefdevolle onderig (Sy Torah) is.
- 1.2. Om nader aan YHVH te beweeg deur jou verhouding met Hom te ondersoek en om Hom meer intiem te ken (Joh. 17:3).
- 1.3. Om seker te maak dat jy die geregtigheid van YHVH in Yeshua Messias is (2 Kor. 5:21) en seker te maak dat jy nie jou eie geregtigheid opgerig het nie (Rom. 10:2 en 3).
- 1.4. Om te beplan vir die komende geestelike jaar – jou geestelike voornemens vir die komende jaar uit te spel. Om te vergeet van wat verby is en jou uit te strek na wat voorlê.

Maar een ding: ek vergeet die dinge wat agter is en strek my uit na wat voor is, en jaag na die doel om die prys te ontvang van die hoë roeping van Elohiem in die Messias Yahshua. Fil. 3:14 (Woord en Getuienis).

- 1.5. Om verkeerdhede reg te stel, naamlik vergifnis te vra vir wat jy aan ander gedoen het, restitusie te doen waar moontlik (te vergoed, te herstel, terug te gee, skuld te betaal) en liefdesgawes te gee. Dit is 'n herinnering aan die noodsaaklikheid om vergifnis te vra en waar moontlik restitusie te doen alvorens self vir vergifnis by die Vader gevra word (Matt. 6:14 en 15; Matt.18:21 en 35; Luk. 17:3 en 4).

2. Gedurende Teshuvah groet Jode mekaar met die woorde: *Mag jy (jou naam) geskryf word in die Boek van die Lewe (L'shanah Tova tikatev v'taihatem! – May you be inscribed and sealed for a good year!)*. Alles opgetel en afgetrek is dit waaroor ons hele geloofslawe gaan. *Teshuvah* is 'n geleentheid om seker te maak jou naam is vir ewig in YHVH se Boek van die Lewe geskryf.

BEPEINS OF BESPREEK DIE VOLGENDE

1. Tydens *Teshuvah* word Psalm 27 daagliks gelees. Let veral op verse 7 tot 14 en hoe dit die gesindheid van *Teshuvah* uispel.
2. Sal die Anti-messias die feestye van YHVH gedenk? Sal hy Shabbat gedenk? Is die Anti-messias nie juis die een wat gaan sê dat ons vry is van die wet (Torah) nie? Lees Dan. 7:25. Hoe sal jy die Anti-messias herken?

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shalom tot volgende keer.
Johan Kriel

Epos: kontak@nuweliëd.info
Webwerf: <http://www.nuweliëd.info>

*Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie.
Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan
onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.*